

## 21 Januarie - BANIER

**Skrifgedeelte: Jesaja 11**  
**Fokusgedeelte: Jesaja 11:11, 12**

Jesaja 10 eindig met 'n herinnering aan die opmars van die Assiriërs wat alles voor hulle platvee. Juda gaan ook soos 'n boom afgekap word, sodat daar net 'n stomp oorbly. God sou egter weer handel as Hy uit die dooie stomp van Isaï een enkele lootjie laat opskiet – Jesus Christus, sy eie Seun!

Hierdie profesie van God se verlossingsplan roep die verhaal van Rut en die geslagsregister van ons Here Jesus in herinnering. Boas en Rut se seun Obed was die vader van Isaï, die vader van Dawid, die vader van ... Jesus.

Op hierdie Nakomeling van Isaï was die Gees van die Here, sodat die ou-ou gebrokenheid wat sedert die sondeval oor die aarde geheers het, eenmaal heeltemal verwyder sal word en 'n nuwe bedeling gaan aanbreek waar leeus en beeste saam wei; waar daar niemand sal wees wat kwaad aanrig of iets verniel nie! Só is elkeen wat deur die Heilige Gees vernuwe word immers nou al reeds 'n nuwe skepping, om eendag volmaak te wees.

*“In dié tyd sal iemand uit die geslag van Isaï 'n banier (vaandel) wees vir die volke.”*

*“Die Here sal 'n banier oprig onder die nasies en al die ballinge bymekaarmaak, die verstrooides van Juda laat saamkom van die uithoeke van die aarde af” (vs 11, 12).*

'n Banier is soos 'n landsvlag of vaandel. Die gebruik van 'n banier as samebindende simbool kom waarskynlik uit die militêre tradisie – waar elke gevegsformasie sy eie banier het. So het die 12 stamme in die woestyn elkeen by sy eie banier bymekaargekom.

Dis die betekenis van Jesaja se woorde: dat mense by Jesus bymekaar sal kom – veral met betrekking tot die betekenis van die kruis: dan sal die oorwinnaars versamel vir 'n samekoms by ons Messias koning, ons Verlosser en Here, wat sy plan met ons end-uit tot uitvoering sal bring!

*Sing: Psalm 105:1, 2*

*Ds PK Lourens (Bloemfontein)*